

SKADUWEE OOR
DIE SAHARA
Sandbergh Beyers

# SKADUWEE OOR DIE SAHARA

*deur*

**SANDBERGH BEYERS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand
2021

**Skaduwee oor die Sahara**

Voorbladskets is ŉ nuwe voorblad vir hierdie tweede uitgawe in die reeks, maar in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

SKADUWEE OOR DIE SAHARA
deur Sandbergh Beyers

ISBN 978-1-928498-81-0

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Uraan-erts, ’n paar geld base en fanatieke Arabiere lok drie waaghalse van die Franse Vreemdelegioen op 'n asemrowende avontuur vol aksie en drama.

## UITTREKSEL

Jurg besef meteens dat hy hard asemhaal, te hard. Die spanning is egter so groot dat hy sy asemhaling skaars kan bedwing. Hy prent homself in. “Wees op jou gemak, ou boeta; hierdie keer mag jy nie ’n fout maak nie.”

Hy voel hoër teen die muur op en uiteindelik voel hy iets wat aan ’n hoek moet hang. Dan voel hy iets stewigers. Dit is leer. Dit is ’n gordel. Hy stoot sy hand langs die gordel op en sy keel is droog van die opwinding en die dankbaarheid.

Dit is ’n pistoolband en die rewolwer is in die sak.

Dit is waarom hy kom soek het. Dit is daarom dat hy hierdie risiko geloop het. Hulle moet minstens een skietding hê. Om heeltemal onbewapen oor die woestyn te probeer wegkom, sou dwaasheid wees. Die pistool is vir hulle ’n voorvereiste.

Voordat hy die pistoolband van die hoek af probeer haal, weeg hy dit versigtig in sy hand. Dit is swaar. Dan trek hy dit stadig en versigtig van die hoek af.

Hy het die band heeltemal afgehaal toe dit plaasvind.

Daar is ’n sagte klapgeluid.

Daar moes ’n baadjie of iets aan die hak gewees het en dit het met ’n sagte slag op die vloer geval. In die baadjiesakke moet iets swaar wees, anders kon dit nie so hard geklap het nie.

In een wilde oomblik besluit Jurg om na die deur te storm.

# SKADUWEE OOR DIE SAHARA
## Hoofstuk 1
## Die Verlate Dorp

Eens was Haloesa ’n Arabiese dorp, of liewer ’n gehuggie, maar vandag is dit ’n plekkie sonder enige lewe. Die krotte van rousteen is wel nog daar en so ook die nou, vuil, stinkende gangetjies tussen die hutte. Maar die inwoners is skoonveld die mans en die vroue, die oues en die jonges, die lewenskragtige en die swakkes, almal is skoon weg.

Nou, in hierdie oomblik van vreemde stilte, lyk dit asof die inwoners van Haloesa in een fantastiese oomblik almal van die aarde af weggeveeg is, sonder spoor en sonder aanduiding. Dit is nou die kalm verblyfplek van allerhande goggas en goeters, van die wilde honde en van die aasvoëls wat houtgerus op die krotte sit en hul vere reg pluk. Die honde beweeg straffeloos deur die plekkie, maar daar is niks om hul primitiewe honger te bevredig nie. Wat die inwoners nagelaat het, het hierdie stomme diere gou genoeg weggeraap en verslind.

Bedags bak die plekkie so stil soos die graf in die Sahara son en snags trek die yskoue woestynwind daaroor heen. En terwyl die dae die koue nagte opvolg, lyk dit of selfs die krotte van Haloesa aan die vergaan is.

Oor die nou gangetjies, oor die hard getrapte paadjies, groei die waaisand dik aan en die dakke van die hutte begin onder die gewig van die sand in te duik. Die houtstellasies in die markterrein is al lendelam en mankoliek weens die invreting van miljoene kewers wat iewers uit die woestyn vandaan kom.

As Haloesa ’n paar maande so gelaat was pleks van ’n paar weke, sou dit miskien heeltemal van die aarde af verdwyn het en reisigers sou vergeefs daarna gesoek het. Dit is egter betyds gevind. Die verlate Haloesa is betyds “ontdek.” Dit is gevind voordat die waaisand dit heeltemal uitgewis het.

Die geheim van Haloesa is deur elf Zara-Arabiere gevind wat met hul karavaan van sestien kamele vanaf die voorheuwels van die Atlas-gebergte na die handelsentrum en buitepos van die Vreemde Legioen, Dana Talani, op pad was. Die diere was belaai met koffie, tee, speserye, sy en ander handelsware wat in Dana Talani verkoop moes word.

Dit was ook maar net omdat een van die watersakke begin lek het, dat die karavaan van die bekende roete afgedraai en na Haloesa geswenk het om die watervoorrade daar by die klein oase te gaan aanvul. Na ’n lang geredekawel het die Zaras besluit dat dit veiliger sou wees om eers te gaan water haal voordat hulle verder deur die woestyn reis.

Vroeg een more het hulle Haloesa binnegegaan. Die son was pas op en dit was nog nie so hewig-warm as wat dit later in die dag hier in die Sahara word nie.

Aanvanklik het die reisigers gemeen dat die inwoners van Haloesa nog slaap. Hulle het ruwe grappe gemaak oor die klomp laat-slapers hier in Haloesa en hulle het hul kamele laggende in die “hoofstraatjie” af gelei.

Heel gou het hulle egter opgehou met lag.

Aanvanklik is dit deur ’n verbysterende stilswye vervang, daarna was daar uitroepe van verbasing en vrees. Hulle het versigtig by elke krot ingeloer. Hulle het nie die

vaagste beduidenis van menslike oorblyfsels gevind nie en dit het hul vrees verskerp.

Uiteindelik het ’n ou Zara op sy knieë geval, sy hande omhoog gehef en uitgeroep. “Hierdie plek is deur Allah vervloek... voorwaar hy is vervloek!”

Hy het opgespring en verdwaas na sy kameel terug gehardloop. Die ander het hom heel gou gevolg, skrikbevange en skreeuend en agter hulle het hulle gehoor hoe dat die getjank van die wilde honde wat daar rondswerf, oor die stil woestyn kom.

Vier dae later is die vreemde toestand in Haloesa in Dana Talani oorvertel en druk bespreek. Seker die heel eerste maal in hul lewens het die Zara-handelaars tydelik van hul besigheid vergeet terwyl hulle die duisternis vrae beantwoord het en hier en daar maar bietjie aangelas het om die affêre nog vreesliker te laat voorkom.

En nou het majoor Pylo, aanvoerder van die garnisoen in Dana Talani, die verhaal ook te hore gekom. Die feite is deur kaptein D’Avalon aan hom oorgedra.

D’Avalon sê. “Ons moet natuurlik voorsiening maak vir oordrywing, want hierdie Zara-handelaars is daar baie gek na om met die vark te gooi. Nietemin skyn die basiese feite juis te wees. Dit is baie vreemd dat ’n hele dorp se mense verdwyn het sommerso.”

Majoor Pylo maak net keel skoon. Hy steek sy pyp op en staar in die vlammetjie van die vuurhoutjie asof hy daardeur hierdie tergende geheim probeer deurgrond. Dan trek hy ’n laai van sy skryftafel uit en haal daar ’n spul papiere uit. Elke omslag is met die woord “vertroulik” gemerk, maar in werklikheid bevat daardie dokumente

seer weinig wat nou eintlik so vertroulik en geheim is. Hulle bevat slegs al die name van die dorpies in Frans Marokko, waar hulle geleë is en wat die onderskeie bevolkingsgetalle is.
Pylo laat sy wysvinger langs die rye name afloop totdat hy by Haloesa uitkom.
“Die plek het tussen drie en vierhonderd inwoners,” sê hy stadig en hy staar na die naam op die papier asof hy daarin ook ’n betekenis soek. “Daar is ’n klein watergat. Hulle boer met mielies en bokke.”
Kaptein D’Avalon kry ’n geringe trek van ergerlikheid op sy gesig. Hy en Pylo is goeie vriende. Hulle respekteer mekaar, maar wat temperament betref, is hulle heeltemal verskillend. Dit is daarom dat D’Avalon wat so vinnig en vurig van gees is, hom dikwels vererg vir sy stadiger, deegliker kollega wat alles eers goed deurpriem voordat hy weer kan verder dink en verder optree.
“Ek ken Haloesa heeltemal goed,” sê D’Avalon. “Ek was al dikwels op patrollie daar rond, maar nie onlangs nie.”
Pylo blaas ’n skyf rook uit en stoot sy hand stadig oor sy dunnerige grys hare.
“Dan veronderstel ek dat jy graag daarheen sou wou gaan om hierdie spektakel te gaan ondersoek? Ek is heeltemal seker daar is ’n redelike en heeltemal logiese verduideliking vir hierdie verskynsel.”
D’Avalon glimlag en steek ’n sigaret op. Hy loop na die landkaart wat teen Pylo se kantoormuur hang.
“Ja ek veronderstel dit is so, maar ek kan my nie versin dat so iets sommerso kan plaasvind nie. Ek kan nie verstaan wat daar aan die gang kan wees nie. Kyk ’n

bietjie na die ligging van Haloesa. Dit is heeltemal weg van die normale handelsroetes geleë en ’n goeie vyftig myl van die naaste dorp af. Dit beteken ’n stywe trek deur die woestyn voordat die inwoners weer water sal kry. Daar is niks aardig aan as die mans padgee nie veral die jong manne nie. Hulle het altoos die een of ander rede om pad te gee, maar hierdie betref nie net die mans nie. Die vroue en kinders is ook almal vort. Hoe verklaar ’n mens dit?” Pylo breek met ’n waarskuwing in. “Dit is wat hierdie smouse te sê het. En hulle is nou nie die beste apostels van die evangelie wat ek al teëgekom het nie.”
“En tog dink ek dat hul inligting korrek is. Hierdie mense het gewoonlik die besonderhede heeltemal windskeef, maar die basiese feite is gewoonlik korrek en hulle stem almal saam dat die plek heeltemal verlate is. Waarom sal hulle almal oor hierdie een bepaalde feit kluitjies bak?” Pylo loer onderlangs na die landkaart.
“Liewe tyd! Dit sal ’n lang trek na daardie plekkie wees jy sal minstens ’n week weg wees. Hoeveel man het jy nodig?”
D’Avalon is ’n man wat selde twyfel. Gewoonlik kom hy tot besluite nog lank voordat die noodsaak ontstaan. Daarom antwoord hy byna onmiddellik. “Tien kêrels uit my eie kompanjie.”
Pylo kyk vinnig op. “Net tien? Dit is darem baie min vir so ’n lang en belangrike onderneming?”
“Ek meen nie so nie. Moenie vergeet nie, hierdie is ’n ondersoek en hoe minder mense ek saamneem, des te beter. Die wat ek saamneem, sal noukeurig uitgesoek word op grond van ondervinding en intelligensie.”

Pylo glimlag droogweg. Hy het geen illusies oor die verstandelike hoedanighede van die kêrels in die Vreemde Legioen nie.

"Jy gaan dit moeilik hê," sê Pylo goedig. "Dit is nie kinderspeletjies om tien intelligente soldate in die Vreemde Legioen te vind nie."

D'Avalon glimlag maar net.

"Nogtans meen ek dat 'n mens hulle sal kan kry. Daar is voëls met baie verskillende vere in die Legioen. Hulle het egter een ding in gemeen. Almal het die een of ander groot persoonlike ongeluk opgedoen. Hulle is egter nie almal dommerikke nie. Ek sal tien uitsoek en tussen ons sal ons uitvind wat in Haloesa aangegaan het..."

# Hoofstuk 2
## Die Drosters

Vanoggend is die garnisoen in Dana Talani betaal. Dit is nie veel nie, maar tog is dit geld. In die Legioen verdien ’n man nie veel nie, maar die geldjies is darem genoeg om jou in staat te stel om in die wynplekke te gaan ontspan, te klets en ’n glasie te drink.

Hierdie vryheid duur ook maar net ’n paar uur vanaf sononder tot middernag wanneer almal in die kaserne terug moet wees. Dit is ’n paar vinnige, onbenullige ure wat in die lewens van normale mense sowat ongesiens sal verbygaan. Maar vir hierdie Legioensoldate is hulle ontsnappings eilande, toevlugsure wanneer hulle van hul ellende en eensaamheid hier in die sandwildernis kan vergeet.

Omdat dit so is, kyk hulle maar diep in die bottels en vat hulle groot teue aan die suurderige, goedkoop wyn. Stadig word hul sinne afgestomp en hul herinneringe word ook afgebreek. Dit is ’n verlossing, want die meeste van hulle wil nie graag onthou wat verby is nie. Hulle is daar of bang voor, of skaam.

In hierdie omstandighede kan hulle grootpraat, baklei, dreig en skreeu en niemand kan hulle dit belet nie. In hierdie paar kosbare ure is hulle eie baas. Hulle word weer vry manne, net soos ander manne. Hulle het weer hul eie begeertes en hulle is nie meer militêre slawe nie, nie gedurende hierdie paar ure nie.

Hier in een van die wynplekke sit Jurg Kruger en soos dit gebruiklik is, het hy Kasper Janse by hom, ’n groot, sterk man wat nie net ’n logge bees is nie, maar fris en gespierd

omdat hy vroeër dae op die diamantvelde kaalvuis geveg het en geleer het hoe ’n man jou vuiste moet gebruik maar ’n stil man, wat stadig dink, hoewel hy vinnig kan slaan.

Hulle is twee van die weinig uitsonderings in die wynplek, El Toela, want nie een van hulle twee is werklik besope nie. Vrolik is hulle wel, maar nie beskonke nie. Om die waarheid te sê, hulle het net ver genoeg deur die wingerd geloop om plesierig te wees. Hulle is in die toestand waar ’n mens nog volle beheer oor jou positiewe het, sonder dat daar enigiets is wat jou pla. Met ander woorde, hulle voel net baie seker van hulself en fris genoeg om die ganse wêreld aan die baard rond te sleep.

Hulle sit hier in ’n afgesonderde hoekie oftewel ’n betreklike stil hoekie, want in ’n plek soos hierdie bestaan stilte natuurlik nie, veral nie op die dag wanneer die soldate betaal word nie. By party tafels is die soldate aan sing en hoewel hulle meestal die woorde agtermekaar het, verskil hulle heelwat wat die deuntjie betref. Elkeen sing as’t ware sy eie koers. Op ’n klein, lendelam verhogie, is ’n slap Arabiese meisie aan dans. Die begeleiding bestaan uit vreemde klanke wat twee Arabiere met hoofwindsels om, uit snaakse fluitgoed haal.

Sowel Jurg as Kasper het hul militêre baadjies losgemaak en hulle lê teenoor mekaar vooroor op die klein grastafeltjie.

Kasper vryf met sy ontsaglike hand oor sy harige bors. Nie so lank gelede nie was hy een van Suid-Afrika se groot boksvooruitsigte en hoewel daardie vooruitsig enigsins in die agtergrond geraak het, het hy nog nie een van die kunsies vergeet nie, want hy besef dat hulle hom

in die geselskap van die Legioensoldate baie goed te pas kan kom.

Kasper sê bietjie weemoedig. “Hierdie is nie dieselfde as ou Johannesburg nie, maar dit is darem ’n verandering.”

Jurg glimlag net. Sy dunnerige, stewige liggaamsbou is in skerp kontras met die massiewe gestalte van sy vriend.

In hul vennootskap wat al soveel jare bestaan, is dit Jurg wat die verstand verskaf en Kasper die liggaamlike krag. Dit beteken egter nie dat Kasper ’n bobbejaan is nie. En daarby is Jurg ook glad nie ’n geknakte riet nie!

“Enige plek op aarde is beter as daardie bakoond van ’n kaserne waar ’n mens weke moet lê en hyg omdat jy nie geld het om iewers heen te gaan nie,” kla Jurg. Hy dink bietjie na. Dan praat hy verder. “Maar as ’n man een dag in die woestyn was, verlang jy terug na Dana Talani, al is dit ook nou ook hoe ’n bakoond. Dan begeer ’n mens om maar net weer in die kaserne te kom en om bedags hier op die paradeterrein rond geskreeu te word. En as ’n man ’n paar dae daarvan gehad het, dan wonder jy weer of dit nie maar beter is daar in die oop woestyn nie. In hierdie affêre lyk dit my nie of enigiemand lank tevrede kan wees nie, veral omdat daar so weinig is waaroor ’n mens in jou skik kan voel.”

Kasper luister met ’n ligte glimlag na sy vriend en sit ’n sigaret en toerol. Hy steek dit op, trek die rook diep in, en beskou die verleidelike dans van die Arabiese meisie. Dan sluk hy ’n diep teug van die goedkoop wyn, of die *vin ordinaire* soos die Franse dit noem.

Deur die rook vra hy. “Wat dink jy van hierdie storie wat hulle oor Haloesa vertel?”

Jurg praat loomweg. “Almal praat daaroor vandat die smouse die eerste keer met die storie hier aangesit gekom het. Hulle sal nie ’n verhaal soos daardie uit hul duime suig nie, daarvan is ek seker. Lyk my dit gaan een van die geheime van die woestyn word. In hierdie vervlakste plek gebeur partykeer snaaks dinge. Partykeer kan niemand hulle verduidelik nie. Lyk my hierdie is een van daardie geheime wat nie maklik opgeklaar gaan word nie.”

Kasper wil nog iets sê, maar hy word onderbreek deur ’n lagbui by ’n tafel net kortby hulle twee sin. Daar sit sewe soldate om die tafel en hulle is meer deur die wind as die meeste ander soldate hier in die wynplek. Elkeen het ’n bottel wyn voor hom en hulle lyk danig voorspoedig. By hulle sit ’n Arabier wat net fyn uitgevat is in ’n opvallende wit gewaad en net so ’n opvallende hoofbedekking.

Jurg kyk na hulle kant toe en sê sonder opwinding. “Hulle lyk danig voorspoedig.”

“Ja en hulle is deesdae alewig bymekaar asof hulle Dawid en Jonathans is. Daarby gaan hulle jollifikasie hou wanneer ons andere almal boomskraap is. Dalk het hulle met kaarte gewen.”

Jurg stem daarmee in, maar hy wonder tog so in sy enigheid waar hulle soveel geld met kaarte kan maak om byna elke aand hier te kom sit en drink. Hoewel daardie sewe in sy eie kompanjie is, ken Jurg nie een van hulle goed nie. Hy ken hul name en dan en wan het hy met hulle gepraat, maar intiem ken hy hulle nie.

Hy sit nog oor hulle en nadink toe een van die sewe soldate skielik opstaan, bietjie onvas en bietjie lawaaierig. Dit is Goetler, die groot Pool, wat byna so kragtig lyk soos

Kasper. Eens was hy ’n mynwerker in Silesië en hy wankel bietjie terwyl hy na die deur beweeg. Hy sien Jurg en Kasper sit, verander van plan en kom leun swaar hier op hul mankolieke tafeltjie.

“Julle gaan saam met my ’n dop steek,” sê die Pool op krom Engels.

Jurg kyk vinnig na Kasper. Hulle beide weifel ’n bietjie. Hulle het albei al geleer dat dit beter is om nie gunste en gawes van ’n dronk man te aanvaar nie. Dit lyk of Goetler daardie huiwering snap. Hy sê. “Julle is bang ek kan nie betaal nie, nê? Moenie jul koppe daaroor breek nie, kamerade. Ou Goetler het baie geld en hierdie is dalk die laaste maal dat hy vir julle ’n bottel kan koop.”

Hiermee kyk beide Suid-Afrikaners vinnig na die half besope Pool op. Maar Goetler het al klaar vergeet wat hy gesê het. Hy bestel by ’n Arabiese kelner twee bottels wyn.

Goetler se maats het ook opgestaan. Hulle staan by die deur gebondel en hulle is klaarblyklik begerig dat die babbelende Pool hom by hulle moet aansluit. Goetler bemerk hulle, waai losweg vir Jurg en Kasper, gaan steierend na die deur en lei sy pakkaas na buite. Die Arabier wat by hulle was, het reeds tevore spore gemaak. Nou is El Toela ook heelwat stiller.

Hier kom die nuwe wyn aan. Op die verhogie gaan die Arabiese skoonheid en die twee musikante eindeloos voort met hul voordrag. Jurg sit lank na sy bottel wyn en kyk voordat hy dit eindelik oopmaak. Eindelik drink hy, maar hy dink nog steeds na oor wat hy gehoor het en oor wat hy aanskou het. Op laas praat hy. “Ek wonder wat

hierdie Goetler bedoel het toe hy gesê het hierdie kan die laaste maal wees dat hy vir ons ’n drankie koop.”
“Hy was dronk,” sê Kasper met ’n finaliteit asof dit alles verduidelik.
“Ek weet,” sê Jurg, “maar niemand sal so iets sê as hy nie iets in sy harspan omdra nie. Maar dalk is ek verspot om my oor Goetler en sy makkers te bekommer. Kom ons drink.”
Tien minute voor middernag het die twee daardie twee bottel wyn weggeslaan. Die twee dink dat hulle alles mooi uitgereken het. Hulle het net tyd om na die kaserne terug te keer voordat die naamlys van die kompanjie afgelees word sodat vasgestel kan word of party van die kêrels nie verloor het nie.
Hierdie ekstra wyn het aan die twee ’n verskil gemaak. Hulle loop en sing terwyl hulle deur die nou straatjies van Dana Talani in die donker voortstrompel. Hulle loop selfs en sing toe hulle deur die hoofpoort van die kaserne loop, totdat die skril stem van die sersant hul geesdrif meteens laat afkoel.
Die slaapvertrek van die B-kompanjie, is presies net soos alle ander kasernevertrekke. Dit bevat 120 manskappe. Die harde militêre beddens staan langs die mure in twee rye van sestig elk. In die middel van die vertrek staan ’n ruwe tafel waar die soldate kan briewe skryf as hulle lus het, maar die meeste het maar weinig lus om briewe te skryf. In die vensters is daar nie ruite nie, maar tralies soos in die vensters van ’n tronk. Die mure is van grys klip. Agter party beddens hang portrette teen die mure meestal

portrette van vroue of van die een of ander byna vergete familie toneeltjie.

Sersant Collat, regop soos ’n kers, stap die vertrek binne om die name af te lees.

Die mees opvallende eienskap van sersant Collat is dat hy windmaker loop soos ’n hoenderhaan wat op die werf baas is. Hy is ’n tengerige Fransmannetjie met vinnige bewegings soos die van ’n voël. Sy gesig herinner ’n mens ook aan ’n voël. Dit is dun en die neus is soos ’n snawel. By die uitsonderlike geleenthede wanneer Collat sonder sy keps op gesien is, is opgemerk dat sy swart kop baie soos die van ’n arend is smal en tog kragtig.

Collat hou die lys name van hulle in die B-kompanjie voor hom uit, hoewel hy hul name al van buite ken.

Die appel om middernag is een van die drie daaglikse naamlesings. Dit verskil egter van die ander twee. By hierdie appel hoef die soldate nie op parade te verskyn nie. Hulle hoef nie eens aangetrek te wees nie. ’n Man kan op sy naam antwoord al lê hy ook in die bed.

Toe Collat binne kom, sit Jurg en Kasper op hul beddens en gesels. Hulle bly net so sit.

Die eerste minuut gaan dit maar net soos dit altyd gaan. ’n Naam word uitgelees en die soldaat antwoord. Collat blaf die naam uit. “Oui, mon sergeant,” antwoord die betrokke soldaat dan. Collat trek ’n strepie agter die naam.

Die eerste haakplek kom toe Collat die naam van Hass uitroep. Hass is ’n Hollander en hy is ’n betreklik betroubare soldaat. Dit is nou so dat hy drie jaar tevore ’n winkelier in Amsterdam die moord laat steek het, maar dit

is iets waarmee die Vreemde Legioen niks te maak het nie. Sekerlik kwel sersant Collat hom nie daaroor nie.
Waaroor hy hom egter wel bekommer, is dat Hass nie antwoord gee nie.
Collat herhaal die naam en hierdie keer skreeu hy dit byna uit.
“Legionnaire Hass... repondez!”
Geen antwoord nie.
Die belangstelling rimpel plotseling deur die kasernevertrek. Om vir appel laat te wees, is ’n ernstige oortreding. Enige oortreding is ernstig in die Vreemde Legioen. Vir hierdie oortreding sal Hass vyftien dae lank paksaal moet dra en nog sy soldy ook moet verbeur.
Collat praat laag en dringend. “Het iemand Hass gesien?”
Verskeie soldate antwoord tegelyk. Ja, hulle het Hass by El Toela gesien hy was bietjie deur die wind.
Collat mompel iets. Dit is iets wat Hass nie baie gelukkig sou laat voel het as hy dit gehoor het nie. Dan gaan Collat voort.
Hy vorder egter nie ver nie.
’n Paar sekondes later vind hy uit dat soldaat Goetler ook soek is. Op ’n vraag van die sersant word geantwoord dat Goetler saam met Hass gedrink het. Daar is ’n gevaarlike trek op die sersant se gesig toe hy voortgaan. Teen die tyd dat hy deur die hele lys is, het hy sewe afwesiges aangemerk. Dit is heeltemal ongehoord. ’n Soekgeselskap sal onmiddellik gestuur moet word om hierdie kêrels te gaan opspoor en terugbring.
Collat word nie as ’n swak onderoffisier beskou nie. Daar is andere wie se wreedheid veel verder ontwikkel is as

syne. Nogtans is hy nie baie simpatiek teenoor oortredende soldate nie. Hy lek byna sy lippe af oor die straf wat hy vir hierdie knape in die mou voer. Hy swaai om en verdwyn by die deur uit na die kantoor.

Die manne begin onmiddellik in die stikdonker gesels, want die lampolie-lampe is reeds doodgedraai.

Dit is Jurg wat iets sê wat onmiddellike stilte bring. Hoewel hy nie hard praat nie, sny sy woorde dwarsdeur die algemene gebabbel. “Dalk het julle dit nie opgemerk nie,” sê hy op krom Frans, “maar al hierdie kalante wat vermis is, het vanaand by El Toela saam gesit en drink. En hulle het volop geld gehad. Hulle is vroeg vort saam met ’n Arabier. Noudat ek daaraan dink, smaak dit mos vir my of daardie neefs danig vriendelik met daardie Arabier was. Goetler het iets snaaks gesê. Hy het gesê hy sal nie weer die geleentheid hê om vir my ’n drankie te koop nie. Vir my smaak dit nou of hy hom klaargemaak het om saam met die ander ses die hasepad te kies.”